

Chris Jones*

Wyle oudpresident Nelson Mandela was baie erg oor kinders en wanneer hy ook al kon, het hy hulle hartlik verwelkom. Hy het daarvan gehou om deur kinders omring te wees en sy talle [aanhalinge](#) herinner ons voortdurend aan hul spesiale plek in die samelewing.

Madiba het gesê: “Die ware karakter van die samelewing word geopenbaar in die manier waarop dit sy kinders behandel.” Hy het ons gesmeek om “uit te reik na die kinders” en om te doen “wat ons ook al kan om hulle te ondersteun in hul stryd om bo hul pyn en lyding uit te styg.” Hy het ons ook daaraan herinner dat “kinders wat op straat slaap en moet bedel om aan die lewe te bly, getuig van ’n onvoltooide opdrag.”

Aangesien kinders Madiba so na aan die hart gelê het, het ek besluit dit gepas sal wees om ter viering van vanjaar se [Internasionale Nelson Mandeladag](#) (18 Julie) op kinders se toegang tot behuisings (skooling) asook basiese dienste soos water en sanitasie te fokus. Dit skakel goed in by die [Nelson Mandela-dag 2019–2029-doelwitte](#), naamlik opvoeding en geletterdheid; voedsel en voeding; skooling; sanitasie; en aktiewe burgerskap. Behuisings, water en sanitasie is onder meer ook besonder belangrik in die lig van die COVID-19-pandemie. Dit is vanselfsprekend dat ongelyke toegang tot skoon water, sanitasie en voldoende higiëne ’n sleutelrol speel om te verhoed dat die sogenaamde “kromme laag bly”.

Kinders se toegang tot behuisings

Een van die mees basiese behoeftes van alle mense, insluitende kinders, is om ’n aanvaarbare, geskikte blyplek te hê. Hierdie behoefte word in Artikel 26 van ons Grondwet aangespreek: “(1) Elkeen het die reg op toegang tot geskikte behuisings ...” en in Artikel 28 (1)(c): “Elke kind het die reg ... op skooling”.

Die belangrike vraag om te vra is: Wat word as geskikte behuisings beskou? Veral in Suid-Afrika, waar afgeleë landelike gebiede nie dieselfde geleenthede, dienste en hulpbronne het as wat in stedelike gebiede beskikbaar is nie.

Hierdie aspek het ’n reuse-uitdaging vir ons land geword, want in 2018 (die mees onlangse beskikbare statistieke wat ek kon vind) het landelike huishoudings 43% van Suid-Afrika se kinders (8,5 miljoen) ingesluit, terwyl 57% van hulle in stedelike gebiede gewoon het. “Tog is kinders minder verstedelik as volwassenes,” sê Katharine Hall, ’n senior navorser by die Universiteit van Kaapstad se Kinderinstituut ([South African Child Gauge: 2019](#)).

As Suid-Afrikaners is ons maar al te bekend met informele behuisings. Hall beskryf dit as “informele wonings of plakkershutte in agterplase of informele nedersettings; wonings of huise/woonstelle/kamers in agterplase gebou uit ysterplate, hout of ander nie-duursame materiale; en woonwaens of tente”. Nagenoeg 1,7 miljoen kinders, wat 9% van ons land se kinders uitmaak, het in 2018 in sulke wonings gewoon. Dit het “effens afgeneem van 2,3 miljoen (13%) in 2002”.

Hall beklemtoon ook ’n onrusbarende statistiek, naamlik dat 42% van hierdie kinders wat in informele behuisings woon, in die ouderdomsgroep 0–5 jaar val. Dit is baie moeilik om hulle in hierdie omstandighede doeltreffend te stimuleer om hulle skoolgereed te kry.

Behuisings kan net voldoende wees indien dit nie oorvol is nie. ’n Oorvol huis is, volgens Hall, ’n plek waar daar gemiddeld meer as twee mense per vertrek (badkamers uitgesluit, maar insluitende die kombuis en sitkamer) woon. Sy wys daarop dat 18% (3,5 miljoen) van ons land se kinders in 2018 in sulke oorvol huishoudings gewoon het.

Kinders se toegang tot skoon water en sanitasie

Geskikte behuising sluit ook die doeltreffende lewering van basiese dienste soos skoon drinkwater op die perseel en basiese sanitasie in alle huise in. Artikel 27(1)(b) van ons Grondwet bepaal “elkeen het die reg op toegang tot ... voldoende ... water” en Artikel 24(a) bepaal “elkeen het die reg op ’n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie”. Artikel 14(2)(c) van die Afrika-handves oor die Regte en Welsyn van die Kind verplig die regering om “die verskaffing van ... skoon drinkwater te verseker”.

Hall wys in hierdie verband daarop dat kinders se toegang tot water die afgelope 15 jaar weinig verbeter het. In 2018 het sowat ses miljoen kinders nie toegang tot skoon drinkwater by die huis gehad nie.

Vir goeie lewensomstandighede word nie net skoon lopende water benodig nie, maar ook goeie sanitasie. Gedurende 2018, het 79% van Suid-Afrika se kinders toegang tot voldoende toilette gehad, maar ’n skokkende 4,2 miljoen gebruik nog steeds ongeventileerde puttoilette, emmers of ander onvoldoende vorms van sanitasie. Volgens Hall het meer as 340 000 kinders geen sanitêre geriewe van enige aard gehad nie.

Hierdie inligting is ’n bewys dat ons nog ’n lang pad het om te gaan. Kinders, asook volwassenes, loop die gevaar om die COVID-19-virus op te doen, veral in oorvol huishoudings in informele nedersettings waar sosiale afstandshepping feitlik onmoontlik is. Verder sal onvoldoende toegang tot water, seep en sanitasie kinders en volwassenes daarvan weerhou om goeie persoonlike higiëne te beoefen wat nodig is om die verspreiding van die virus te stuit.

Wat Suid-Afrika nodig het, ’n massiewe infrastruktuur- en maatskaplike gelykheidsprojek, maar ongelukkig is dit nie haalbaar op die kort termyn nie. Die verskaffing van doeltreffender en veilige openbare toegangspunte en geriewe rakende water en sanitasie, is egter ’n saak van dringendheid, net soos groter openbare bewustheid van COVID-19 is.

Doen ’n guns vir ander

Nelson Mandela is nie verniet die vader van ons land, veral van ons kinders, genoem nie. Hy het in 2005 die Wêreldkindersprys ontvang en in 2009 is hy as die Kinderregteheld van die dekade vir 2009 aangewys vir sy lewenslange stryd om Suid-Afrika se kinders van apartheid te bevry en vir sy onwrikbare steun aan kinderregte.

Gedurende sy termyn as president het hy die helfte van sy salaris aan die armes, veral kinders, gegee en toe hy in 1993 die Nobelvredeprys gewen het, het hy die helfte van sy \$1,2 miljoen-prysgeld geskenk om minderbevoorregte kinders te help. Hy en die [Nelson Mandela-kinderfonds](#) het inderdaad nog baie ander projekte van stapel gestuur om ’n beter toekoms vir ons kinders te verseker.

Dit is regverdig om te sê dat bogenoemde (paar) statistieke wat die huidige omstandighede beskryf waarin miljoene Suid-Afrikaanse kinders hulleself – 26 jaar ná demokrasie – nog steeds bevind en wat hul lewens op verskeie maniere ontwig, Mandela baie sou ontstel het.

Hoekom? Want hy het sy hele lewe lank daarop gefokus om ’n voordelige omgewing vir die welstand van ons kinders te skep. Op Internasionale Nelson Mandeladag en daarna word ons geroep om dieselfde te doen deur teen ongelykheid en onregverdigheide te veg en kinders in nood te help – die waardes waarvolgens Madiba gelewe het!

****Dr Chris Jones is die hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch. Die eenheid fokus op die verskaffing van goed nagevorsde inligting om die morele landskap in Suid-Afrika (en verder) binne 'n verskeidenheid godsdienstige en sekulêre kontekste te beïnvloed.***